

## PARALLELE STRUKTURE RONDONOM KERKHERENIGING

### 1. Opdrag

Die Sinode van Oos-Kaapland 2007 besluit soos volg :

*Die Sinode besluit om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die gesag en moontlike ontwikkeling van parallelle verbandstrukture wat dit onder andere moontlik maak om bestaande strukture in stand te hou vir solank die behoefte daaraan bestaan<sup>1</sup>*

### 2. Voorstel

*Die Sinodale Regskommissie beveel by die Sinodale Kommissie aan om dringend met die Sinode van die VGK Kaapland asook met die ander lede van die Familie van NG Kerke in gesprek te gaan oor die tot stand bring van 'n parallelle sinode en ringe binne die sinodale gebied van die NG Kerk in Oos-Kaapland*

### 3. Motivering

3.1 Alle vorme van kerkverband is gestaltes van die één kerk van Jesus Christus

3.2 Binne die gereformeerde kerkregering is die ring, streeksinode en Algemene Sinode (soos bv binne die Familie van NG Kerke) die vorm van kerkverband tussen gemeentes wat op dieselfde belydenisgrondslag en beginsels van kerkregering en liturgie staan

3.3 Hiervan te onderskei is 'n verband van kerke met verskillende belydenisse en beskouinge oor die regering en liturgie van die kerk, maar wat eweneens 'n gestalte van die één universele kerk van Christus uitmaak<sup>2</sup>

3.4 Laasgenoemde verband vind gestalte in 'n ekumeniese verhouding, wat die bewustheid van en innige verlanse na die eenheid van die kerk van Christus weerspieël

3.5 Binne die ekumene is die kerk beide die subjek en die ruimte waarbinne dit (die ekumene) afspeel, en daarom mag dit nie aan enkele individue of groepe (bv 'n sinodale ekumeniese kommissie) uitgelewer of deur hulle oorgeneem word nie. Nee, elke kerklike bestuur - kerkraad, ring en sinode - behoort 'n ekumeniese kommissie te hê ten einde die hele kerk daarby te betrek<sup>3</sup>

3.6 Artikel 70.1 van die Kerkorde van die NG Kerk dui duidelik op die strewe van die Kerk om deur middel van sy vergaderinge op 'n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke saam te werk. Indien besluite 70b.3.1.1 en 70b.7.1.1 van bg Kerkorde saamgelees word, is dit duidelik dat parallelle ekumeniese vergaderingstrukture met die kerke binne die Familie van NG Kerke nie slegs wenslik is nie, maar selfs noodsaaklik<sup>4</sup>

<sup>1</sup> *HANDELINGE SINODE OOS-KAAPLAND* : p 167 pt 7.3; p 190 pt 7.3

<sup>2</sup> Vir meer hieroor lees by Coertzen, P (1984) : *DIE RING : SY SAMESTELLING EN WERKSAAMHEDE* p 12 ev; Heyns, JA (1977) : *DIE KERK* p 169 ev

<sup>3</sup> Heyns, JA : *ibid* p 178

<sup>4</sup> *DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (2007)* : p 31 ev; *DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGE EN REGLEMENTE VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND (2007)* : p 70 ev

3.7 Die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland maak (bv) duidelik voorsiening vir 'n ekumeniese sinode as 'n vaste instelling, wat sake van algemene aard behandel, en by name dit wat betrekking het op die koninkryk van God in die hele wêreld. Insiggewend is die feit dat besluite en uitsprake van hierdie sinode deur die lidkerke as bindend aanvaar word<sup>5</sup>

3.8 Tans maak die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk slegs voorsiening vir vier kerkvergaderinge, tw kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode<sup>6</sup> Totdat hierdie artikel op die voorgeskrewe wyse gewysig word, sal alle parallelle ekumeniese vergaderinge 'n tydelike en voorlopige karakter hê, en sal alle besluite vir goedkeuring aan die kerkordelikesanksioneerde parallelle vergaderinge (ring - sinode - Algemene Sinode) voorgelê moet word

3.9 Wanneer die parallelle ekumeniese vergaderinge egter kerkordelik gesanksioneer is, sal hulle dieselfde gesag as hul parallelle strukture hê, en sal die afvaardiging na sodanige ekumeniese vergadering op dieselfde wyse geskied as na die parallelle vergadering

3.10 Die *Samen-op-Weg*-proses binne die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) in die onlangse verlede is 'n goeie voorbeeld van hoe parallelle strukture en die kerkorde verskillende kerke (die Nederlands Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Nederland en die Evangeliese Lutherse Kerk in Nederland) gehelp het om tot hereniging te kom<sup>7</sup>

3.10.1 Nadat 'n doodloopstraat in die laat tagtigerjare van die vorige eeu tussen die kerke bereik is, is begin met die skryf van 'n kerkorde, en die onderskeie kerke se verbintenis aan hierdie kerkorde het gehelp om parallelle strukture daar te stel, wat op hul beurt weer tot die totstandkoming van die PKN in 2004 gelei het

3.10.2 In die kerkorde van die PKN word gewerk met die soepel benadering dat kerklike belydenisskrifte die kerk / kerke alleen wil help om sekere Skrifwaarhede te verstaan (in teenstelling met die meer rigoristiese *quia*-benadering). Gemeentes se verbondenheid aan belydenisskrifte wil hulle oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God in die tyd waarin ons leef, en tot volharding en groei in die gemeenskaplike belydenis van die kerk<sup>8</sup>

3.10.3 Die verskillende kerke het hul onderskeie belydenisskrifte na die tafel gebring, en in soverre as wat elke belydenisskrif nie in stryd met die Woord van God was nie, is dit in die kerkorde opgeneem. Dit is duidelik dat 'n inklusiewe benadering hierin gevolg is<sup>9</sup>

---

<sup>5</sup> Nauta, D (1971) : *VERKLARING VAN DE KERKORDE VAN DE GEREFORMEERDE KERKE IN NEDERLAND* : p 234 ev

<sup>6</sup> *DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (2007)* : p 11 ; *DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGE EN REGLEMENTE VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND (2007)* : p 24

<sup>7</sup> Golverdingen, M (2006) : *KLEINE GESCHIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE GEZINDTE* p 137-140

<sup>8</sup> Van der Heuvel, P (red) (2004) : *DE TOELICHTING OP DE KERKORDE VAN DE PROTESTANTSE KERK IN NEDERLAND* p 17 ev

<sup>9</sup> Generale Synode van de PKN (2006) : *KERKORDE EN ORDINANTIES VAN DE PROTESTANTSE KERK IN NEDERLAND INCLUSIEF DE OVERGANGSBEPALINGEN* p 9, 26

3.10.4 Die PKN het uit sy foute ré parallele strukture geleer : daar behoort nie 'n tydsraamwerk aan 'n parallele struktuur/e gekoppel te word om druk tot kerkvereniging / kerkhereniging op die onderskeie kerke te plaas nie. Daarom is ná eenwording in 2004 besluit om 'n 10-jaar klousule in te bou en gemeentes toe te laat om die nuwe kerkverband te verlaat en te herstig in die verband waaruit hulle gekom het. So bv funksioneer die Walloonse-gemeentes en die Evangeliese Lutherse kerk vandag steeds as parallele strukture

3.11 'n Artikel (oor Skrifgesag en die Kerk se belydenis) vir 'n parallele struktuur kan moontlik soos volg daaruit sien :

*1.1 Die (verenigde kerkverband - NAAM VAN KERKVERGADERING) staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Hierdie Woord, deur die werking van die Heilige Gees, lei ons as kerk sodat ons getrou kan bly aan die Hoof van die Kerk, Jesus Christus*

*1.2 In ooreenstemming met die Woord bely die kerk deur die eeue hoe God aan die werk is en hoe Hy Homself aan die mens openbaar. Hierdie belydenisse van die kerk is gebore in bepaalde historiese kontekste, en wou en wil steeds die kerk help om God en sy werke te verstaan. Daarom erken die kerk :*

*1.2.1 die ekumeniese belydenisskrifte wat ons wêreldwyd met ander kerk deel, tw  
Die Apostoliese Belydenis  
Die Belydenis van Nicea  
Die Belydenis van Athanasius;*

*1.2.2 die histories-gereformeerde belydenisskrifte wat ons wêreldwyd met die gereformeerde kerke deel, tw  
Die Nederlandse Geloofsbelydenis  
Die Heidelbergse Kategismus  
Die Dordtse Leerreëls;*

*1.2.3 en Die Belydenis van Belhar as 'n gereformeerde belydenisskrif van die hede*

*1.2.4 Ons as kerk bely dat dit vir ons belangrik is om die waarheid van die evangelie te lééf, en daaroor teenoor mekaar en die wêreld te getuig. Daarom sal ons as kerk soos wat dit nodig is steeds voortgaan om getuienisse en belydenisskrifte op skrif te stel.*

3.12 Die Sinodale Regskommissie oordeel dat 'n gesprek oor parallele elumeniese strukture op rings-, streeksinodale en algemeen sinodale vlak 'n uiters beklankrike rol in die toekomstige verhoudinge tussen die kerke binne en buite die Familie van NG Kerke kan speel.